# ORANIA DORPSREËLS

Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. ("OAB") funksioneer onder geldende en toepaslike reg met die oogmerk om aan Afrikaners binne en rondom Orania groter selfstandigheid te bewerkstellig. Ingevolge die Wet op Aandeleblokke (Wet 59 van 1980, soos gewysig) soos saamgelees met die Maatskappyewet (Wet 71 van 2008, soos gewysig) het die Direksie van OAB die verantwoordelikheid om sodanige reëls en verordeninge daar te stel wat die werksaamhede van OAB bevorder.

OAB is ’n maatskappy wat oor privaat eiendom beheer en eiendomsreg uitoefen en kan die Direksie se bevoegdhede en verantwoordelikhede wel aan komitees en instellings gedelegeer word, maar nie aan sodanige instellings en komitees oorhandig word nie.

Die aandeelhouers van OAB het op die Algemene Jaarvergadering gehou op 12 November 2021 die Dorpsreëls bekend as Afdeling A1 aanvaar. Ingevolge die bepalinge van Afdeling A1:

- Word die Direksie gemagtig om Dorpsreëls van tyd tot tyd in te stel, te wysig en te skrap.
- Kan die Direksie soos nodig van tyd tot tyd direktiewe uitreik wat bepaalde sake aanspreek of reguleer.
- Word die Direksie gemagtig om ’n Dissiplinêre Kode en verwante dokumente te aanvaar, te wysig of te skrap.
- Sal by die uitleg van die Dorpsreëls en waar ’n botsing mag bestaan, die bepalinge van die Akte van Oprigting voorkeur geniet.

Die Direksie het in uitvoering van die bepalinge van Afdeling A1, tesame met bestaande praktyk en die werking van die toepaslike reg, Dorpsreëls van tyd tot tyd en soos nodig in werking gestel. Die Direksie, of die Dorpskantoor met gedelegeerde magte, reik van tyd tot tyd direktiewe ten aansien van sake wat nie in die Dorpsreëls aangespreek word nie uit.

Die Dorpsreëls hierin vervat is sodanige reëls wat deur die Direksie aanvaar is en wat vervolgens in werking getree het, tensy die teendeel aangedui word. Direktiewe deur die Direksie, sovêr beskikbaar en relevant, word in ’n aparte gedeelte saamgevat.

Die Dorpsreëls Register dui die betrokke Dorpsreëls aan, die datum waarop dit in werking getree het sowel as enige wysigings wat vervolgens aangebring is.